# OFFICIAL GAZETTE
**EXTRAORDINARY**
OF SOUTH WEST AFRICA

**BUITENGEWONE**
# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

R0,30 — Thursday 16 April 1987 — WINDHOEK — Donderdag 16 April 1987 — No 5349

CONTENTS:

*Page*

**GOVERNMENT NOTICE**

No. 61 Promulgation of Meat Industry Amendment Act, 1987 (Act 3 of 1987), of the National Assembly 1

INHOUD:

*Bladsy*

**GOEWERMENTSKENNISGEWING**

No. 61 Afkondiging van Wysigingswet op die Vleisbedryf, 1987 (Wet 3 van 1987), van die Nasionale Vergadering. 1

## Government Notice

DEPARTMENT OF GOVERNMENTAL AFFAIRS

No. 61 1987

PROMULGATION OF ACT OF NATIONAL ASSEMBLY

The following Act, which has been adopted by the National Assembly and signed by the Administrator-General in terms of the South West Africa Legislative and Executive Authority Establishment Proclamation, 1985 (Proclamation R.101 of 1985), is hereby published in terms of section 18 of that Proclamation: —

No. 3 of 1987: Meat Industry Amendment Act, 1987.

## Goewermentskennisgewing

DEPARTEMENT VAN OWERHEIDSAKE

No. 61 1987

AFKONDIGING VAN WET VAN NASIONALE VERGADERING

Die volgende Wet, wat ingevolge die Proklamasie op die Instelling van Wetgewende en Uitvoerende Gesag vir Suidwes-Afrika, 1985 (Proklamasie R.101 van 1985), deur die Nasionale Vergadering aangeneem en deur die Administrateur-generaal onderteken is, word hierby afgekondig ingevolge artikel 18 van daardie Proklamasie: —

No. 3 van 1987: Wysigingswet op die Vleisbedryf, 1987.

**EXPLANATORY NOTE:**

_______ Words underlined with solid line indicate insertions proposed.

[ ] Words in bold typing in square brackets indicate omissions proposed.

---

# ACT

**To amend the Meat Industry Act, 1981, so as to extend the powers of the board to render assistance by way of donation or loan or in any other manner, to the South West African Agricultural Union or any body or organization which is representative of producers of controlled products; to provide that any levy on a controlled product which may be imposed by the Cabinet in terms of the Act, may differ in certain circumstances; and to provide for indicental matters.**

*(Afrikaans text signed by the Administrator-General on 3 April 1987)*

BE IT ENACTED by the National Assembly, as follows:-

Amendment of section 10 of Act 12 of 1981.

**1.** Section 10 of the Meat Industry Act, 1981 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for subparagraph (ii) of paragraph (i) of subsection (1) of the following subparagraph:

"(ii) with such approval, to render assistance by way of donation or loan or in any other manner, to the South West African Agricultural Union or any body or organization which in the opinion of the Cabinet is representative of producers of controlled products or so to render assistance to any person, body or organization in connection with or in respect of **[research in regard to]** the improvement, production, preservation, slaughter, preparation, processing, storing, consumption or marketing of controlled products or anything derived therefrom;".

**VERDUIDELIKENDE NOTA:**

_______ Woorde met 'n volstreep daaronder dui aan invoegings voorgestel.

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui aan skrappings voorgestel.

---

# WET

**Tot wysiging van die Wet op die Vleisbedryf, 1981, ten einde die raad se magtiging om by wyse van 'n skenking of lening of op 'n ander wyse hulp te verleen, na die Suidwes-Afrikaanse Landbou-Unie of 'n liggaam of organisasie wat verteenwoordigend van produsente van beheerde produkte is, uit te brei; te bepaal dat 'n heffing op 'n beheerde produk wat deur die Kabinet ingevolge die Wet opgelê kan word, in sekere omstandighede kan verskil; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.**

---

*(Afrikaanse teks deur die Administrateur-generaal onderteken op 3 April 1987)*

---

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering, soos volg:-

Wysiging van artikel 10 van Wet 12 van 1981.

**1.** Artikel 10 van die Wet op die Vleisbedryf, 1981 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur subparagraaf (ii) van paragraaf (i) van subartikel (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(ii) met sodanige goedkeuring, by wyse van 'n skenking of lening of op 'n ander wyse hulp te verleen aan die Suidwes-Afrikaanse Landbou-Unie of die een of ander liggaam of organisasie wat na die oordeel van die Kabinet verteenwoordigend is van produsente van beheerde produkte of om aldus aan die een of ander persoon, liggaam of organisasie hulp te verleen in verband met of ten opsigte van **[navorsing met betrekking tot]** die verbetering, produksie, bewaring, slag, bewerking, verwerking, opberging, verbruik of bemarking van beheerde produkte of iets wat daarvan verkry word;".

Amendment of section 17 of Act 12 of 1981.

**2.** Section 17 of the principal Act is hereby amended by the addition to subsection (1) of the following paragraph, the existing subsection becoming paragraph (a):

"(b) The levies referred to in paragraph (a) may, in respect of any category, class or kind of any controlled product —

(i) be imposed in any particular part of the territory, or may differ from any such levy in respect of any category, class or kind of that product, which is so imposed in any other particular part of the territory;

(ii) which is exported from the territory or is exported from the territory to any particular country or other territory, differ from any such levy in respect of any category, class or kind of that product which is not so exported.".

Short title.

**3.** This Act shall be called the Meat Industry Amendment Act, 1987.

**2.** Artikel 17 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende paragraaf by subartikel (1) te voeg, terwyl die bestaande subartikel paragraaf (a) word: Wysiging van artikel 17 van Wet 12 van 1981.

"(b) Die in paragraaf (a) bedoelde heffings ten opsigte van die een of ander kategorie, klas of soort van 'n beheerde produk —

(i) kan in 'n bepaalde gedeelte van die gebied opgelê word of kan verskil van so 'n heffing ten opsigte van die een of ander kategorie, klas of soort van daardie produk wat in 'n ander bepaalde gedeelte van die gebied, na gelang van die geval, aldus opgelê word;

(ii) wat uit die gebied uitgevoer word, of uit die gebied na 'n bepaalde land of ander gebied uitgevoer word, kan verskil van so 'n heffing ten opsigte van die kategorie, klas of soort van daardie produk wat nie aldus uitgevoer word nie.".

**3.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Vleisbedryf, 1987. Kort titel.